


skouers en in die sye, maar laat omgevoude rafelrande wat gestryk is, vry. Glipsteek vourande van skouers en synate aan mekaar vas en ryg rafelrande by middeltjie aan mekaar vas. Bostik al met halsrand langs.

Stik synate van romp toe.

Maak sak deur boonste rafelrand met sigsagsteek af te werk. Vou boonste rand nou na regte kant om al met voulyn langs soos aangedui op diagram. Stik op naatlyn langs oor oorblywende kort rafelrand en twee lang rafelrande. Knip naattoelating 6 mm breed. Dop omgevoude borand na regte kant om en vou naattoelatings tot by stiksel na verkeerde kant om. Stryk voue plat. Glipsteek boonste omslag in posisie vas.

Speld sak in posisie aan voorpant en agterpant van romp vas, soos aangedui op diagram. Stik sykante en onderste vourand vas.

Plooi middeltjie van romp in om met onderste rafelrand van lyfie ooreen te stem. Speld lyfie aan ingeplooide rand van romp vas. Trek plooitjies netjies reg. Stik. Pars naat na lyfie se kant toe. Bostik al met naat langs.

Soom romp onder om en stik soom in posisie vas. Pars.

Werk twee knope voor aan lyfie vas.

## 4. Hartvormige lap

**BENODIGDHEDE:** *Ongeveer 50 g Coats Chain-Mercer Nr. 30 (20-g-bolle); staalhekelpen van 0,75 mm.*

**SPANNING:** *5 spasies = 2,5 cm breed. Indien jou hekelwerk te los is, gebruik 'n dunner pen, en indien te styf, 'n dikker pen.*

**MATE:** *Ongeveer 42,5 x 34 cm.*

**AFKORTINGS:** *ks - kettingsteek; kb - kortbeen; lb - langbeen; st(e) - steek(steke); herh - herhaal; sp(s) - spasie(spasies); blk(s) - blokkie(blokkies); beg - begin; ls(e) - lus(lusse); tr(s) - trossie(trossies); vermeer - vermeerder; vermin - verminder; goh - garing oor hekelpen; gs - glipsteek.*

**AANWYSINGS:** Begin met 21 ks, draai.

**1e ry:** 1lb in 4e ks vanaf hekelpen, 1lb in elk van vlg 17ks (=6 blks), 8ks, draai.

**2e ry:** 1lb in 4e ks vanaf hekelpen, 1lb in elk van vlg 4ks, 1lb in vlg lb, (=2 blks vermeer aan begin van ry), (* 3ks, slaan 2 ste oor, 1kb in vlg st, 3ks, slaan 2 ste oor*, 1lb in vlg st) 2 keer, (=2 lasette gevorm), herh van * tot * nog een keer (nog 'n laset gevorm), goh, steek pen by vlg st in en trek lus op, goh en trek deur 1 lus op pen (='n basis-ks gevorm), (goh en trek deur 2 lusse op hekelpen) 2 keer, ** goh steek hekelpen in basis-ks en trek 'n lus op, goh en trek deur 1 ls op hekelpen (nog 'n basis-ks gevorm) en voltooi soos 'n gewone langbeen; herh vanaf ** nog 5 keer (d.w.s., 2 blks vermeer aan einde van ry), 8ks, draai.

**3e ry:** 2 vermeer-blks, (2ks, slaan 2lb oor, 1lb in vlg lb) 2 keer (d.w.s., 2sps bokant 2 blks gevorm), (5ks, 1lb in vlg lb) 3 keer, (=3 stafies bokant 3 lasette gevorm), 2sps, 2 vermeer-blks, 5ks, draai.

**4e ry:** 1lb in 4e ks vanaf hekelpen, 1lb in vlg ks, 1lb in vlg lb, (1blk vermeer aan beg van ry), 1sp, 6 lasette, 1sp, maar laat laaste lb weg, goh, steek pen in vlg ks en trek 'n lus op, goh en trek deur 1 lus op pen (='n basis-ks gevorm), (goh en trek deur 2 lse op pen) 2 keer, *goh, steek pen in basis-ks en trek 'n lus op, goh en trek deur 1 ls op pen (nog 'n basis-ks gevorm), voltooi soos 'n gewone langbeen; herh van * nog 2 keer (1blk vermeer aan einde van ry), 8ks, draai.



NA BLADSY 114

# Op Mooifontein

VAN BLADSY 55

"Sterkte. Ek skakel jou vandag nog om die lening te bevestig —daar behoort geen probleme te wees nie."

By hul terugkeer op die plaas is die leiklipvloere en grasdak 'n koel lafenis. Die groot wit beskuit saam met die tee ken Stefaans Malan, jr. glad nie.

"Is dit nou regte boerbeskuit?"

"Kan jy perdry?" is haar teenvraag.

"Nog nooit geprobeer nie, maar daar is altyd 'n eerste keer," lag hy. "Kom, gaan wys my jou koninkryk."

So gebeur dit dat hy daardie aand skaafplekke het waar hy dit nog nooit gehad het nie, maar hy weet darem wat hy wou weet. Ongelukkig het hy ook dinge gesien wat hy nie verwag het om te sien nie — die diep spore, die glimp van masjinerie voor hy doelbewus 'n ander koers ingeslaan het. Wie soek na dit wat stink van die blink en dit reg onder Trien se neus? Hy weet van sulke bedrywighede. Was dit nie juis sulke *ekspedisies* wat sy pa in staat gestel het om talle *transaksies* met welslae af te handel nie?

Die windpompwater is 'n koel lafenis, selfs vir 'n warm gemoed. Gelukkig dat die foon buite sig en hoorafstand van die kombuis is; gelukkig dat Trien se aandag daar nodig was; gelukkig dat dit 'n plaassentrale is sodat die telefoniste hom sonder 'n nommer kon deurskakel na die prokureur, wat weer op sy beurt die polisie sou laat weet.

"Naand, vennoot. Ek sien jy is vanaand eerste hier. Afkoeling nodig?" Die spot in haar stem ontgaan hom nie. Hy durf hom nie daaraan steur nie, want die spreekwoordelike ridder op die wit perd is hy beslis nie. Sy moet haar bedenkinge hê en boonop het sy gehoop op *iets iewers vandaan*.

Sonder om aan haar te raak, hou hy haar blik gevange — hierdie waternimf, getooi in goud, soos sy daar op die wal staan met die ondergaande son van agter. Sy stem is vreemd skor in sy eie ore.

"Trien, asseblief, vertrou my net. As jy dink dit is die taal van 'n dwaas, sal ek verstaan. Tog vra ek: vertrou my net."

'n Oomblik daag verwarring in haar grougroen oë voor sy met 'n sierlike boog in die water duik, met lang hale tot by die windpompstellasie swem en oor die wal wip. So in die loop gooi sy 'n kleurige oorjassie oor haar skouers.

Hy draai sy kop skeef. 'n Voertuig . . . so gou al? Haastig hys hy homself oor die wal, gryp sy hemp. Hy haal haar vinnig in.

"Trien!" Sy bly staan. "Trien, ek moet met jou praat."

"Kan ons nie net eers gaan aantrek nie?"

"Nee, daar is nie tyd nie. Kom ons stap sommer 'n entjie." Die andersheid, of is dit dalk die dringendheid in sy stem, laat haar met 'n ophaal van skouers van rigting verander. "Trien, ek moet iets aan jou verduidelik."

Sy steek in haar spore vas, staan parmantig, ken in die lug, reg voor him.

"O, jy het bang geword?"

"Nee, dis nie dit nie. Trien, ek sou jou graag dit wou bespaar, miskien oor 'n langer tydperk wou voorberei, maar nou kan dit nie wag nie." Selfs in die skemer kan hy sien hoe haar wange verbleek. Hy kry haar stewig aan die skouers beet. "Trien . . . ek het die polisievoertuig nou net hoor verbyry op pad na die koppie hier agter die huis. Trien, iemand delf reg onder jou neus . . . op jou grond, op hierdie oomblik! Jy moet dit weet voor die voertuig terugkeer. Dit mag dalk . . ."

"Maartin?" Sy bewe soos 'n riet.

Stefaans druk haar styf teen hom vas, voel die klammigheid deur sy hemp, en hy dink aan die klam kuiltjies van gister, die voortjies oor die stowwerige wange. Sê nou hy het nie gister opgedaag nie? Die paddas begin hier en daar kwaak en met die punt van sy hemp droog hy haar trane af. Die tweespoorpaadjie strek in die skemer voor hulle uit, en met sy arm om haar middel lei hy haar terug na die wit grasdakhuis. Ver voor hulle hoe-hoe 'n uil.

Meteens steek hy vas.

" 'n Moerbeiboom . . . hier?"

Sy lag, nog effens bewerig.

"Ja, dis al jare hier. As kind het ek my skoon oorhoeks geëet!"

Hy trek 'n tak nader, stroop 'n handvol groen moerbuie af.

"Kom, gee my jou hande."

"Maar dit is net om jou weer skoon te kry dat die groenes help, nie voor die tyd nie!"

"Nou ja, het jy dit nie nodig nie?"

Hy hoor die snik, vou haar stewig in sy arms toe.

"Trien, ek is miskien 'n bietjie groen, maar ek dink tog jy het iets iewers vandaan nodig om die seer, die bitter, so 'n bietjie teen te werk."

Haar arms kruip stadig om sy nek; die reuk van groen moerbeie vul die lug. Motorligte skuif stadig nader, vee oor puntige aalwyne wat teen die horison afgeteken staan.

Met 'n glimlag reik Stefaans die sersant die hand toe Trien hom as Faan bekend stel. Net Faan, niks meer, niks minder nie. Hy roer sy skouers, asof 'n groot las van hom afgerol het. Dit is nie net Maartin wat sy houvas verloor het nie; ook Stefaans Malan, jr. is iets van die verlede . . . ●

---

VAN BLADSY 90

**5e-7e ry:** Raadpleeg diagram.

**8e ry:** 1vermeer-blk, 1sp, 5 lasette, 2ks, slaan 2ks oor, 1lb in vlg lb (= 1 sp bokant 1sp gevorm), 5lb bokant vlg stafie, 1lb in vlg lb, (=2blks bokant stafie gevorm), 1sp, 5 lasette, 1sp, 1vermeer-blk, 5ks, draai.

**9e ry:** 1vermeer-blk, 2sps, 5 stafies, 1sp, 1lb in elk van vlg 6lb, (=2 blks bokant 2 blks gevorm), 1sp, 5 stafies, 2sps, 1vermeer-blk, 8ks, draai.

**10e ry:** Raadpleeg diagram.

**11e ry:** 2vermeer-blks, 1sp, 6 stafies, 1sp, 2lb in vlg sp, 1lb in vlg lb (='n blk bokant 'n sp gevorm), volg diagram tot einde van ry.

**12e ry:** vermeer-blk, 7 lasette, 2sps, 1blk, slaan 1lb oor, laat laaste ls van elkeen op hekelpen en hekel 6lb in vlg lb, goh en trek deur al die lusse op pen (='n 5lb-tr gevorm); 1lb in vlg lb, 5lb-tr in vlg lb, slaan 1lb oor, 1lb in elk van vlg 4lb , 2sps, 7 lasette, vermeer-blk, 5ks, draai.

**13e ry:** 1vermeer-blk, 1sp, 7 stafies, 1sp, 1blk, slaan 1lb oor, 'n 5lb-tr in vlg lb, 1lb in vlg lb, 2lb in vlg 5lb-tr, 1lb in vlg lb, 2lb in vlg tr, 1lb in vlg lb, slaan 1lb oor, 'n 5lb-tr in vlg lb, slaan 1lb oor, 1lb in vlg lb, 1blk, 1sp, 7 stafies, 1sp, 1vermeer-blk, 5ks, draai.

**14e-21e ry:** Volg diagram, eindig 21e ry met 3ks, draai.

**22e ry:** Slaan 1e lb oor, 1lb in elk van vlg 3lb ('n blk bokant 'n blk aan begin van ry gevorm), volg diagram tot einde van ry en eindig met 1lb in elk van laaste 2lb, 1lb in vlg ks (=blk oor blk aan einde van ry gevorm), 3ks, draai.

**23e-62e ry:** Volg diagram, maar laat laaste 3ks aan einde van 62e ry weg.

**63ry:** 1gs in elk van 1e 4 ste (= 1blk vermin aan beg van ry), 3ks, 1lb in vlg sp, 1lb in vlg lb (='n blk bokant 'n spasie gevorm), volg diagram tot einde van ry maar slaan laaste 2lb en 3e van 3ks (d.w.s., 1blk vermin aan einde van ry) oor, 3ks, draai.

**64e-79e ry:** Volg diagram.

**80e ry:** 1vermin-blk, 1sp, 14 lasette, 1blk, 3ks, draai.

Hekel so voort en volg diagram tot linker deel voltooi is. Knip garing af. Met verkeerde kant van werk voor, slaan eerste vrye 5lb van die twee middelste blokkies in 79e ry oor, heg garing aan vlg lb vas en voltooi die 80e ry volgens diagram.

Hekel so voort, en volg diagram tot regter deel ook voltooi is. Knip garing af. Hekel, met regte kant voor, 'n rondte kb rondom doilie, eindig met 'n gs in 1e kb en voltooi omranding met 'n krapsteek, d.w.s., kortbeen van links na regs; eindig met 'n glipsteek in eerste kb. Knip garing af en maak lap klam; speld uit volgens mate en laat só droog word.

## 5. 'n Kosbare Sitplek

**BENODIGDHEDE:** Coats Anchor-tapisseriewol: 15 stringe beskuitkleur 0899; 2 stringe elk geranium 013, grasgroen 0245, mosgroen 0265, 0266, 0269; 1 string elk dieprooi (Cardinal) 019, angelier (Carnation) 023, 024, violetkleurig 099, 0417, lila 0105, 0106, grasgroen 0257, botterblomgeel (Buttercup) 0297, ambergoud 0309, wit 0402 en siënna 0427; 70 cm dubbeldraadgaas, 10 gaatjies per 2,5 cm, 68 cm breed; 'n tapisserieraam met 68-cm-bande; 'n Milward International Range-tapisserienaald nr. 18.

**AANWYSINGS:** Merk middel van gaas horisontaal en vertikaal met 'n ry rygsteke. Monteer gaas op raam met rafelrande na bande toe.

**Diagram 1** toon volledige ontwerp, middel wat met wit pyltjies aangedui word, moet ooreenstem met rygsteke. Elke agtergrondblokkie op diagram 1 stel dubbeldraad van gaas voor. Die ontwerp word deurgaans in grofpunt (Untrammed Gros Point Stitch) gewerk.

Begin ontwerp in middel en werk volgens diagram 1 en die sleutel vir die kleure.

**AFWERKING:** Plaas borduurwerk in middel oor stoelmat of -kussing, vou oortollige materiaal om na agterkant en heg met stoffeerspykertjies aan onderkant vas. Vou hoeke netjies in.

**Diagram 2:** Grofpunt (of tentsteek): Afb. 1: Begin deur naald van verkeerde kant van gaas af deur te steek; steek naald skuins in boonste lyn oor 1 kruising van gaasdrade (die punt waar 'n paar smal, vertikale drade 'n paar smal horisontale drade kruis); steek naald deur op onderste lyn 2 gaasdraadkruisings na links. Borduur op dié manier tot aan einde van ry. Afb. 2 toon tweede ry. Afb. 3 toon grofpuntsteek aan keersy wat korrek gewerk is met lengte van steke groter as aan regte kant. ●